



# STUDENTE-KUNS '79

FRANS DU TOIT-LOKAAL VANAF 8 OKTOBER

DEPT BEELDENDE KUNSTE



# Uit die perd se bek

**Die SSR het besluit om die jaarbeplannings van die verskillende portefeulje-houers op die SSR in Die Wapad te publiseer in 'n poging om beter kontak met die massa te maak. Dit sal weer volgende jaar in oënskou geneem word om só die SSR op hulle tone te hou. Bêre dus dié uitgawe en maak seker dat die SSR-lede hulle werk doen!**

## Dagbestuur

**Voorsitter**

— Leiding op SSR-vergaderings en Dagbestuursvergaderings en ander kampusbyeenkomste, sowel as aan individuele SSR-lede en studente,
— Neem sitting op ASB-Hoofbestuur,
— Skakeling met PU-owerhede,
— Koshuisbesoeke deur voorsitter ter wille van interne skakeling,
— Neem sitting op komitees en kommissies soos wat dit op die weg van die SSR-voorsitter kom,
— Verantwoordelik vir uitvoer van SSR-beleid:
— Prioriteit aan interne kampussake en skakeling met ons studente,
— Vaartbelyning van georganiseerde studentelewe — aandag aan, oorvleueling en oorgeorganiseerdheid,
— Rasionalisering van die administrasie en finansies van die studentelewe,
— Handhawing van die Christelike karakter van die PU.

**Adjunkvoorsitter**

— Die beplanning en uitvoering van Oriëntering 1980,
— Toesig, kontrole oor, en indien nodig, aanmoediging en opskerping van portefeuljehouers op die SSR t.o.v. hulle portefeuljewerk,
— Normale adjunkvoorsitterspligte soos waarneming van voorsitterspligte indien die voorsitter afwesig is.

**Vise-voorsitter**

— Koördinering van Raadsaksies,
— Periodieke vergaderings met Raadsvoorsitters.

**Addisionele lid**

— Uitvoering van kommissiewerk,
— Hulp aan sekretaris en uitvoer van normale Dagbestuurspligte

**Sekretaris**

— Hantering van SSR administratiewe sake,
— Beheer oor inkomende en uitgaande pos,
— Beheer oor tikwerk deur SSR-sekretaresses.

**Penningmeester**

— Beheer oor alle finansies van SSR en onderliggame,
— Beplanning en uitvoering van begroting,
— Kontrole oor uitgawes deur SSR-lede, Rade en onderliggame.

## Hans Kempff: TOERE

**'n Vergadering sal belê word om alle toerliggame en toerrigtings te koördineer.**

'n Jaarbeplanning van toerliggame sal verkry word en daar sal onderling geskakel word.

Die toerouerregister sal aangevul word.

## KAMPUSDIENSTE

**VOERTUIE**

• Behoorlike instandhouding en beheer oor SSR-voertuie.
• Motorhuise by Studentesentrum sal moontlik bekom word.

**GEBOUE EN TERREINE**

Beheer sal uitgeoefen word oor die uitleen van geboue en ander SSR-bates. Aandag sal aan sake soos lokaaltoewysigings en posbusindelings gegee word.

## Hugo Pienaar: STUDENTESENTRUM

**Die hoofdoel is om die Studentesentrum die hart van die studentelewe aan die PU te maak. Maksimum benutting van die sentrum sal dus die hoogste prioriteit geniet en gebruikmaking van die Studentesentrum deur die studente moet vergemaklik word.**

Gereelde kunsuitstallings in die foyer sal as aantreklikheid dien, en diverse dekorering van die sentrum moet verkieslik deur ons eie studente gedoen word. Vir die sitkamers moet 'n bruikleenstelsel ten opsigte van skilderye opgestel word om sodoende vir gereelde afwisseling te sorg. 'n Inligtingsbrosjure, sigaret-, koeldrank- en lekkergoedmasjien en die skepping van 'n persoonlike studente-atmosfeer is veral belangrik. Die groot sitkamer sal aandag geniet om die Studentesentrum meer uit te bou.

## Ollie Ollewagen: PU-KLEURE

**Die PU gaan aan die begin van volgende jaar sy eie vlag kry. Die vlag is alreeds deur die SSR goedgekeur, en moet nog voor die Universiteitsraad gelê word vir goedkeuring. Omdat die ou kampustrui onprakties was, het ons 'n nuwe een bestel wat die vorm van 'n V-nekoortrektrui sal hê. Die kleuré van die trui is maroen en beige.**

Die broseksamen sal in April volgende jaar geskryf word, asook die hersiening van die handboek sodat 'n verkorte weergawe teen die einde van volgende termyn gereed sal wees.

## REKLAME

**Deur noue samewerking met die Kommunikasiekundedepartement, Radio-Puk en die Studenteburo gaan gepoog word om die interne reklame op die PU te verbeter.**

'n Nuwe kennisgewingbord, wat met verskillende letters werk, sal gebruik word om aksies wat op die kampus plaasvind aan studente oor te dra.

'n Groot vertoonkas word ook beplan, om die PU-klere beter op die kampus te adverteer. Nuwe idees van studente oor maniere waarop reklame aan die PU self beter gedoen kan word, sal baie waardeer word.

## Josef Krüger: OPENBARE BETREKKINGE

**Op interne vlak beoog ek om die beste moontlike betrekkinge tussen die SSR en die koshuise te bewerkstellig. Die SSR-lede is met die oog hierop reeds by die verskillende koshuise as verteenwoordigers ingedeel. Die volle SSR sal ook deur die jaar 'n besoek aan elke koshuis bring.**

Om die Puk-studente "skietgoed" te gee wanneer die PU gekritiseer word, sal die brosjure "PU vir CHO: Vesting van Voorposdenke" onder die koshuise versprei word.

Op eksterne vlak skakel ek weekliks met Studentevaria. Enige nuuswaardighede word aan die koerante deurgegee ten einde 'n positiewe beeld van die PU in die pers weer te gee. 'n Skemerkelkie vir die pers word beoog ten einde betrekkinge te normaliseer.

Sinvolle skakeling met die studenterade van al die universiteite in Suid-Afrika deur middel van 'n skakeltoer na die Kaapprovinsie in April deur die SSR en gespreksforums word beoog.

Daar sal ook probeer word om skakeling met oorsese inrigtings, wat op Christelike grondslag funger, te bewerkstellig.

Enige ander moontlikhede vir sinvolle skakeling sal opgevolg word.

## Corné Mulder: ASB-PROJEKTE

**Waar daar in die verlede onsekerheid oor hierdie portefeulje was, sal daar in dié termyn gepoog word om die portefeulje te vestig.**

Die ASB-projektekomitee bestaande uit die SSR-lid vir ASB, voorsitter van die kongresreëlingskomitee, lid vir affiliasie, lid vir ASB-studiekomitee en 'n sekretaris/-esse sal op 'n vaster grondslag geplaas word. Die volgende sake sal aandag geniet:

— Reëling van die ASB-kongres vir Julie 1980.
— Daarstelling van 'n platform vir politieke gespreksvoering onder studente.
— Opstelling van Asbeeldverspreidingslys.
— Uitvoering van ASB-Hoofbestuursopdragte.
— Behartiging van affiliasie/disaffiliasie by die ASB.
— Bekendstelling van ASB-konferensies en mosies op die kampus.

## Fanie Venter: SGD

**SGD is die kanaal waardeur studente diens aan die gemeenskap buite ons Universiteit kan lewer en terselfdertyd ook met die praktiese sy van hulle studierigtings kan kennismaak.**

Gebalanseerde diens aan blankes sowel as anderskleuriges staan hierdie jaar sterk op die voorgrond en die aankoop van ons eie twee voertuie sal baie hiermee help.

SGD wil hierdie jaar 'n geregistreerde welsynsorganisasie word wat ons die ruimte sal gee om meer aktief en meer intensief te werk.

## Herman Maartens: WEERBAARHEID

**Weerbaarheid aan die PU sal alleen tot sy volle reg kom as 'n meer positiewe benadering onder studente tuisgebring kan word ten opsigte van die essensie van hierdie saak. Daarom gaan ek poog om 'n positiewe gees te skep en studente se belangstelling te prikkel deur aksies en lesings so interessant moontlik en op 'n meer informele vlak aan te bied.**

Noodhulp en Brandbestryding sal weer beoefen word. Die Pistoolskietklub sal soos vanjaar funksioneer en ook die mans sal betrek word. Die drafklub sal ook weer funksioneer, maar wel onder 'n georganiseerde komitee wat drafaksies sal reël en organiseer. Twee Pretdraf-kompetisies wat op koshuisgrondslag beslis sal word, word deur die loop van die jaar aangebied. Ontspanningsgimnastiek vir dames asook interessante opleidingskursusse soos selfverdediging en wapenhantering word beplan. 'n Weerbaarheidsaand wat interessante besprekings en 'n filmvertoning sal insluit, word in die vooruitsig gestel. 'n Weerbaarheidsuitstalling in samewerking met die Weermag word beplan en 'n interessante en leersame veldkursus word in die April-vakansie aangebied.

Deur middel van Die Wapad, plakkate en inligtingspamflette sal studente gedurende die jaar altyd op hoogte van Weerbaarheidsaksies gehou word.

## Stephan Pretorius: KARNAVAL EN INTERVARSITY

**Daar sal** volgende jaar twee intervarsity's wees, naamlik teen die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Ná ondersoek het die Sportburo aanbeveel dat die intervarsity teen die Universiteit van die Witwatersrand nie volgende jaar sal voortgaan nie. 'n Rugbywedstryd teen dié universiteit kan wel plaasvind as die Rugbyklub dit goeddink.

Die beplanning en organisering van karnaval is alreeds op 'n gevorderde stadium. Die program het reeds in 'n vorige Wapad verskyn en verskeie borge is verkry. Die volle inligting oor alle aksies word voor bloktyd gefinaliseer en sal dan in 'n inligtingstuk aan al die koshuise gestuur word. Voor die einde van die jaar sal elke koshuis dus presies weet wat hom te doen staan met karnaval.

## Bert Sorgdrager: ONTSPANNING EN INTERVARSITY

**As SSR-lid** vir ontspanning bied ek vanjaar die lentefees aan. Volgende jaar bied ek die Ontheffingsdinee asook die Vrugtefees vir die eerstejaars aan. Verder sal ek ook die toer na Montagu reël. Ek wil ook probeer om pop-orkeste in die Amfiteater te laat optree. Voordat dit gedoen word sal ek eers 'n ondersoek loods na die wenslikheid daarvan asook die finansiële aspekte daarvan. Verder bied Ontspanning saam met Kultuurraad die Sêr-kompetisie asook toere na Johannesburg om na opvoerings te gaan kyk aan. Daar word met Truk onderhandel om kaartjies teen afslag vir hulle opvoerings te bekom.

## Frikkie van Niekerk: OPLEIDING

**SSR-opleiding.**

• 'n SSR-oordragskamp sal vir die ou- en nuwe SSR van die komende termyn gereël word.
• 'n Kursus in Redevoering en Kommunikasie word aangebied.

**Rade.**

• 'n Raadsopleidingskomitee is in die lewe geroep wat raadsopleiding sal koördineer en kontroleer. Vir die komende termyn sal ook 'n RKK-kamp aangebied word.

**Kampusopleiding.**

Dit word deur Aktueel behartig en behels Eerstejaars-, Tweedejaars-, Derdejaarsen Puk-verlaterskampe. Die SSR-lid het sitting op Aktueel en sy taak sal inisiërend, koördinerend en leidinggewend van aard wees.

**Kampusfokuskamp**

Dit word vir alle SSR-lede, HK-lede en Uitvoerende Komiteelede van die Rade volgende jaar aangebied en behels kursusse in motivering, besluitneming, bestuursfunksionering en ander praktiese sake.

**'n Kampusfokusreünie word ook beplan.**

Daar word ook 'n inligtingsboekie, sekretariële kursus, penningmeesterskursus, en spraakopleiding vir Radio-Puk beplan.

Langtermyndoelstellings is kontinuïteit d.m.v. deeglike verslae, 'n eie kampeerterrein en 'n Instituut vir Opleiding.

## Hugo Pienaar: GRONDWETTE EN VERKIESINGS

• Verwerking en afhandeling van die kommissie-verslag in verband met die kompetensiesfeer van die SSR.
• Aanpassing van die verkiesingsreglement ten opsigte van 'n inligtingsappèl die dag ná die nominasievergadering.
• Praktiese handleiding en kursus in verband met vergaderingsprosedure.
• Om Klein Swete in die Verkiesings-Wapad te vervroeg ter wille van beter bekendstelling.
• 'n Ondersoek na "Groot Sweet" en die Studente-bewussyn/betrokkenheid by SSR-verkiesings.
• Reglement vir diensmedalje in werking te stel.

## Theuns Steyn: STUDENTEDIENS

**Die effektiewe hantering van die tweedehandse boekwinkel in die Studentesentrum, op vaste grondslag.**

Die daarstelling van 'n saamrydiens.

Effektiewe gebruikmaking van die Grommeltrommel.

Skakeling met KMD en Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste.

Onderhandelings met firmas en winkels wat dienste aan studente kan lewer.

Verkryging van inligting aangaande vakansiewerk.

Die aktiewe betrekking van Huiskomiteelede by studentediens.

Samestelling van 'n Studentediensbrosjure.

## Radio-Puk

Die funksionering van Radio-Puk op vaste grondslag.

Die installering van luidsprekers buite die Studentesentrum, beter en meer luidsprekers in die Studentesentrum self, asook in die koshuise.

Opleiding van omroepers.

## André Howard: ADVERTENSIES EN PUBLIKASIES

**Die werk** in hierdie portefeulje behels onder meer die samewerking met verenigings wat publikasies laat verskyn, om te sorg dat alle publikasies van hoogstaande gehalte is. Dit bring mee dat alle publikasies vooraf ten opsigte van inhoud en algemene gehalte gekeur word. Ek sal in hierdie termyn 'n vaste advertensiekomitee in die lewe roep om in samewerking met Departement Ontwikkeling advertensiewerwing te koördineer en self advertensies te werf. Raad en hulp oor enige aspek van publikasies en advertensies sal sover moontlik verleen word. Lang ure van harde werk lê voor, en ek verklaar myself ten volle bereid daartoe.

GELD
BINNE
LOOPAFSTAND
VAN U AF
VOLKSKAS
(BEPERK)
TOMSTRAAT 98
TELEFOON 4237
ARBEIDSAAMHEID

die WAPAD

# Koshuise verbreek beloftes

**Gedurende Kampusfokus '79 is daar deur die Uitvoerende Komitees van die Rade, Huiskomiteelede, SSR en die Rektor onder andere oor die volgende sake konsensus bereik:**

- **Alle massatug word verbied.**
- **Geen tweede ontheffing mag gehou word nie. Die eerste ontheffing is finaal.**
- **Voortgesette oriëntering word verbied.**
- **Die aanspreekvorm "juffrou" word deur eerstejaardames gestaak wanneer die nuwe Huiskomitee diens aanvaar.**
- **Die aanspreekvorm "meneer" of "oom" word gestaak met die koshuis se afsluitingsdinee.**

**In die lig hiervan word dit betreur dat sommige Huiskomiteelede nie hulle beloftes gestand doen nie. Daar is 'n paar keer ooglopend toegelaat dat eerstejaars hetsy van verskillende gange of blokke of die hele koshuis, nog steeds volgens tradisie die eerstejaars "onthef" (waarvan?) deur 'tekkiepaarties' en dergelike vorms van massatug.**

**Sal soortgelyke verbreking van beloftes weer volgende jaar toegelaat word?**

**— I.M.**

# Dienspligtiges

**Die besluit van die Akademiese Raad om 'n ondersoek na die aanpassings- en studieprobleme van dienspligtiges te loods, behoort die akademiese peil en eksamenuitslae aan die PU te bevorder.**

**'n Soortgelyke ondersoek wat verlede jaar deur lede van die Fakulteit Natuurwetenskappe gedoen is, het aangetoon dat vakke wat meer op matriekwerk berus, meer probleme as ander vakke oplewer. Hoewel 'n blitskursus gedurende die eerste week van oriëntering nie die probleem in sy geheel sal oplos nie, sal dit sinvolle benutting van die eerstejaars se tyd verseker.**

**Mnr. Jan Botha, SSR-lid vir oriëntering, glo die Akademiese Raad moet versigtig te werk gaan in dié verband, aangesien differensiasie binne die eerstejaarsgroep volgens hom die belangrikheid van akademiese oriëntering negeer, terwyl dit die bevordering van groepsgees oorbeklemtoon.**


# Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.**

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou motor wegspringgereed wil hou - sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting. spesiaal vir PU-studente lag jy heelpad bank toe op sakgelddag. Storm sommer nou na Lomparostraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al. Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots - die beste op Potch, Lombardstraat 42.

**BLOMME, BLOMME, BLOMME:**
Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

**RIETSKRAAL**
Verslank met Shape teen slegs R3,00 per blik by die Bult Apteek beskikbaar. Tomstraat 88 Tel. 5943.

**JEANS DENIM DEN**
Vir mans en dames die grootste verskeidenheid denimjeans, kakieklere en Lee's koortfluweelskeppings in Potch teen die billikste pryse. As ons iets nie het nie, sal ons dit vir u kry want vriendelike diens is ons leuse. Besoek ons by winkel no. 4. JAYS UITRUSTERS Tel. 8791. Indiërsentrum.

**TROUKAARTJIES:**
Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Adres: Kerkstraat 77. Kom besoek ons op kantoor tel. 7960. Na-ure 24574.

**LOMP EN DOM** met seminare en tikwerk? Skakel mev. Laubscher by tel: 21232, Kruisstr 136 vir vinnige tikwerk en billike tarief.





# Kommunikasie aanslag teen S.A.

**U het telkemale die uitdrukking gehoor: "Die pen is magtiger as die swaard." In hoeverre is dit waar? Waar staan Suid-Afrika vandag wat hierdie saak betref, veral van die kant van die Westerse lande en hul invloed alhier?**

"Interessantheidshalwe meld ons dat die radio, televisie, die groot massasirkulasie-nuusbladmedia van die VSA (en in die Westerse wêreld) beheer word deur bedryfsleiers wat lede (of gekontroleer word deur lede) van die CFR is. Hierdie breinspoeling van die jeug vir sosialisme deurdring die groot universiteite en opvoedkundige inrigtings . . . Hierdie kankeragtige stelsel sypel intussen die Westerse kapitalisme op alle vlakke binne. Die publiek staan magteloos teenoor hierdie gekonkel. Dit is werklik 'n ideologiese skaking van kolossale afmetings." (A Belthe-Shazzar)

**Engelse Pers**

Dr. Billy James Hangis, 'n Amerikaanse evangelis, het die volgende stelling gemaak: "Some sort of limitation is going to have to be put on your anti-government press. I'm talking about your English press, I don't read Afrikaans. They make heroes and saints out of agitators. What is the most important . . . the freedom of the press or the survival of the people? Every nasty thing I read in the US about SA originated here in your own press, and was fed by wire service to the world." (South African Opinion, Desember 1978, p.21).

**Afrikaanse Pers**

Op 'n onlangse vergadering op Fochville het dr. Connie Mulder gesê: "Die Afrikaanse pers is lustig besig om hieraan mee te doen." Die volgende aanhaling mag u dalk skok: "Colonel H.D. Stadler, divisional commander of the Port Natal Police, says that the communists claim that 90 % of communist propaganda spread in South Africa comes from our own news media" (SA Opinion, Desember 1978, p.19). Dink gerus terug aan dr. Mulder se toespraak op die PU, en spesifiek sy verwysing na die pers se hantering van die saak (die Inligtingsdebakel — hy noem dit "'n Hanteringskandaal van 'n inligtingsaangeleentheid").

**Die Citizen**

Ten spyte van die "vernietigende bewyse" wat deur die pers aan die publiek opgedis is, is daar tot vandag toe nog geen skandaal in enige hof bewys nie. Dat die Citizen hoofoorsaak was, kan sekerlik nie te laag geskat word nie. Dat die koerant objektief was (die enigste?), blyk duidelik uit 'n leser se brief: "As a keen reader of your paper, I would like to wish you well. Don't for one minute think your opposition newspapers are so much concerned about the money used to finance your paper. It is the paper itself and the good material in it that make them blind with fury. Hit them and keep on hitting them with the truth. Long live the Citizen." (Citizen, 30 Januarie 1979). Het die voormalige Departement van Inligting nie dalk te veel suksesse behaal teen ons vyande nie?

**Verkeerde feite**

En die Afrikaanse pers? Kom ons gebruik een voorbeeld: die eerste voorsitter van die SA Stigting (SA Foundation), was 'n Fransman, gnl. Francis de Guingand. Die organisasie het gereeld die regering gekonfronteer met die Ontugwet, werkreservering, die Aanhoudingswet en rassediskriminasie. Sir Francis het persoonlik sterk kant gekies teen die beleid van afsonderlike ontwikkeling en volle integrasie voorgestaan. Ná sy dood het 'n Afrikaanse koerant hom beskryf as "een van Suid-Afrika se grootste vriende" en net 'n entjie verder: "Sir Francis se tema in die lewe was altyd die onregverdigheid van die dubbele standaarde wat teen Suid-Afrika gehandhaaf word."! (Die Transvaler, 30 Junie 1979).

**Connie Mulder se aksies**

Nog 'n voorbeeld is die onlangse gebeurtenis by die NP-kongres in Pretoria, toe dr. Pieter Mulder, sy vader, dr. Connie Mulder, probeer verdedig het, nadat die Afrikaanse pers sy woorde (vir die soveelste keer) verdraai het. U kan gerus dr. Connie Mulder se aksies dophou. Die pers hanteer hom op twee maniere: óf hulle swyg hom dood, óf hulle verdraai sy woorde. Hoekom? Daar is mense wat hul redes het.

**CIA betrokke?**

Dat die CIA, wat deur die CFR beïnvloed en gebruik word, 'n vastrapplek in die Suid-Afrikaanse pers verkry het, is ook nie onmoontlik nie: "Including the mighty USA, whose Central Intelligence Agency has a far worse track record, setting up front organisations, buying influence, planting spies and trying to overthrow governments." (The Citizen Comment, Citizen, 6 Junie 1979).

**Behou perspektief**

U woon vandag 'n politieke vergadering by. Die bekommernis van die publiek en die verdeeldheid is opvallend. Dan lees u die volgende dag in die koerant: geen verdeeldheid, die kiesers steun die nuwe beleid heelhartig, ens.

Leser, trek die wapenrusting van God aan, sodat u deur hierdie dinge kan sien en die dinge van hierdie wêreld nie u sinne verblind nie. Bid en waak, nou!

## Uit die woord


# IN DIE HOOP VAN DIE EWIGE LEWE

*In die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het, en op die regte tyd Sy woord bekend gemaak het deur die prediking wat aan my toevertrou is, ooreenkomstig die gebod van God, ons Verlosser. Tit. 1:2,3.*


*Ons ken die verskillende uitdrukkinge wat gewoonlik gebruik word om nie alleen te sê dat So-en-so gesterf het nie, maar ook hoé. As die gestorwene nie die Here gedien het nie, kan 'n mens nie die formule: "in volle geloofsversekerdheid" gebruik nie. As mens egter weet dat hy wel tekens van geestelike belangstelling getoon het, maar onseker is oor waar hy werklik gestaan het, verkeer 'n mens tussen hoop en vrees, en word dan soms uitgedruk met die woorde: "in die hoop van die ewige lewe." Dit beteken dan: geen vaste sekerheid, maar darem hoop.*

*As mens egter nagaan wat die Bybel in hierdie teks — en trouens deurgaans — onder hoop verstaan, is jy geskok dat ons 'n woord wat so vol ryke inhoud in die Bybel is, só van sy inhoud kan beroof. Dit geld helaas nie alleen die woord hoop nie, maar byna alle kernbegrippe in die Bybel. Watter inhoud het die volgende woorde vir ons: sonde, genade, geloof, liefde? Ons het hulle so veralgemeen dat hulle hul helder kleur verloor en vaal en oninteressant geword het. So ook hoop. Dit beteken in die Bybel allesbehalwe "miskien" of "hoop vir die beste". In ons gewone spraakgebruik beteken: "Ek hoop so" dat ek nie seker is nie. Wanneer Paulus praat van hoop, bedoel hy egter volle sekerheid. Die hele inleidende sin van Titus getuig trouens van sekerheid. "Paulus, 'n dienskneg van God en 'n apostel van Jesus Christus . . . in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het." Hier beteken hoop sekerheid, omdat dit gebou is op die Woord van God wat nie kan lieg nie. So lees ons elders van die hoop wat nie beskaam nie (Rom. 5:5), en dat die hoop met volharding wag (Rom. 8:25). Telkens weer blyk dit dat die hoop die hoogste sekerheid is, ja, die anker van die siel, wat veilig en vas is omdat dit nie in ons eie hart neergelaat is nie, maar in die vaste grond van Gods Woord. Laat ons weer op Skrifuurlike wyse oor die hoop praat én uit die hoop lewe.*

**CERTAIN T SHIRTS**
**HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS**
4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863




Vakansies van '79



'n Karnaval.



Die massa gaan nou wys (skryf) wat hulle die jaar op die PU geleer het.



Ag oom, dis ek, maar ek sal nooit weer nie.



Ons Janna-draers



Koshuiskos ('n Grap!)



Theuns het hoë hoogtes bereik.


**Nuut op die Bult** Tel. 8071

Guys & Dolls-haarsalon tot u diens! Ons bied spesiale pryse aan alle mans- en damestudente vir die sny en droogblaas van kapsels, en wat meer is, ons is kunstenaars op die gebied van sny volgens gesiglyne. Verlang u 'n perm, kan ons u die volgende aanbied teen sub-ekonomiese pryse:



MINI VOGUE vir slegs R11,40
NATURAL STYLE en STYLE FORM R15,70
'n Bietjie duurder, maar tog so elegant, is Perfect Touch, Design, Stag, Coiling en Piggy Back-perms.

**En onthou tog, die sny by 'n perm is heeltemal gratis! Vir spesiale geleenthede, of as u sommer lus voel om bietjie anders te lyk, kom sien ons oor 'n set, of 'n tint, of albei – watwou!**

**GUYS & DOLLS** Tel. 8071


# Jan-Louis sê sterkte

**Om voorraadopname van die einde van 'n tydperk te maak, is soms goed en soms minder goed vir die gemoed, maar veral is dit belangrik vir die komende tydperk.**

**Afskeid . . .**

Vir baie Pukke is dit vanjaar hul afskeidsjaar en hul universiteitsloopbaan staan in sy herfstyd. Onwillekeurig kom Alabama se liedjie "Studentetyd" by 'n mens op en veral die deel "maar nooit weer is dit ek en jy . . ." Die akkerbome, die Mooirivier, die koshuislewe, Intervarsity en Karnaval — alles dinge van die mooi verlede. Mag julle lojale Pukke bly tot in die grys dae!

**Studentegees . . .**

'n Paar sportnederlae, voortdurende ongure publisiteit en 'n georganiseerde studentelewe wat mank gegaan het aan kontak tussen die leierskorps en studente. Die oorsaak van 'n aanvanklike gebrek aan 'n borrelende studentegees. Positiewe kritiek en 'n diagnosering van die probleem het aanleiding gegee tot 'n stelselmatige verbetering en het 'n pragtige klimaks gehad in die puik gees met Intervarsity. Die uiteindelike voltooiing van die studentesentrum het sy bydrae in hierdie verband gelewer. Hoe dan anders met so 'n gebou en sulke fasiliteite!

**Oriëntering**

Oriëntering het veral in die laaste tyd sterk onder die soeklig gekom. Met baie negatiewe dinge gesê, wil ek dit stel dat positiewe oriëntering in die verlede die hoofoorsaak is van die PU se sterk betrokkenheid in die georganiseerde studentelewe en veral die lojale werkywer van ons studente in die verenigings. Ek vertrou dat in die toekoms hierdie saak ook met oorleg hanteer sal word.

**Vir die eksamen**

Sterkte aan alle Pukke vir die eksamen, geniet die vakansie — volgende jaar is 'n wenjaar!

As u belangstel om Die Besembos te bestel vul onderstaande vorm in en gee dit aan die Primarius of Primaria.

## BESTELVORM VIR DIE BESEMBOS

Ek wil graag . . . . . . eksemplare van Die Besembos by my huis ontvang.

Ek sluit R . . . . . hierby in. Die prys is R4,00 Verkoopsbelasting en posgeld is ingesluit.

Ek wil dit KBA ontvang (Merk met kruisie)

VAN: ........................................ (in blokletters)

VOLLE NAAM: ........................................

POSADRES: ........................................

........................................

........................................

........................................ Poskode

HANDTEKENING:



Sêrs.



Toere na heinde en ver.

# Pukke eet witmuis

*DIE oorlewingsgroep van die Voortrekkers het die 12de September 'n "braaivleis" gehou. Daan du Toit het eers vertel van verskillende maniere van vuurmaak sonder vuurhoutjies in 'n noodsituasie, byvoorbeeld deur jou horlosie of vuurklippe te gebruik. Dit was die dames se taak om die vuur te maak met slegs 'n paar stukke brandbare materiaal tot hul beskikking. Na 'n paar skeptiese aanmerkings het die vuur tog gebrand.*

*Dit was nogal moeilik om 'n witmuis dood te maak sonder enige gereedskap, veral omdat hy nie wou stilsit nie. Twee duiwe was ook skoongemaak, oopgesny, gesout en heerlik op die kole gebraai.*

*Terwyl die vetjies afgedrup het, het party besluit dat hulle nie meer honger is nie, maar dié wat tog hul moed bymekaar geskraap het om te proe, was nie spyt nie.*

*Wie het nou kon dink dat witmuis lekkerder as duifsvleis smaak?*


Wesvalia Boekhandel

**Tomstraat 84** **Tel. 6660**

***Verskaffers van opvoedkundige boeke en skryfbenodigdhede.***

**TROU IN GOIINGSAK — WATWOU;**

Daar is 'n wonderlike trourok by Annemarie wat jy kan huur of laat maak by telefoon 5501 Parys.

Turkstra

**BAKKERY**

**SMAAKLIKE VLEISPASTEIE**

**UIT NO. 13**

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan Die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel — anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. — (Red.)**

## Speler verdedig Muurbalklub

Geägte Redakteur

Na aanleiding van die hoofartikel deur I.M. in Die Wapad van die agt-en-twintigste September, wil ek, as 'n tevrede muurbalspeler, net 'n paar regstelligs maak en 'n woord van dank rig aan die persone aan die roer van die PU-Muurbalklub se sake.

Ek dien nie op die bestuur van die muurbalklub nie — hierdie is dus my eie siening.

I.M., ek wil u net eers reghelp:

Geen Wes-Transvaalspeler mag op enige baan speel sonder 'n 80c plakkertjie nie tensy hy/sy deur die bestuur van die PU-Muurbalklub of die Oude Molen (personeel) klub genooi is nie. Dit is wel so dat die baan vir Wes-Transvaal ligaspelers gereserveer is, maar dit is net Pukke of personeel wat gratis daar mag speel. U kla omdat hy gereserveer is, maar ek dink dat dit 'n ongegronde klagte is. Daardie glasmuur kos baie duisende rande en is nie bestand teen onervare spelers se aanslae nie.

U kla dat die bane moet oopstaan. As u nie klasgeld betaal nie, mag u ook nie klasdraf nie. Net so met muurbal. As u nie betaal nie, kan u nie verwag om te speel nie.

I.M. beweer ook dat die Muurbalklub nie verantwoordelik is vir die onderhoud van die bane nie. Dit is 'n flagrante leuen. Ek weet dat die Muurbalklub moet opdok vir deure wat stukkend geskop word en pleistering wat afval.

J.H. du Toit.

**• Ek het nie die bewering gemaak dat Wes-Transvaalspelers (nie-Pukke) nie betaal nie. Ek het dit daarteen dat nie-Pukke bevoordeel word ten koste van PU-koshuisspanne op die wedstrydbaan. Ek het dit nie daarteen dat Wes-Transvaalspelers (Pukke) nie betaal nie.**

**• Dit is 'n ope vraag of PU-koshuisspanne so onervare is dat hulle die glasmuur sal beskadig met hul "aanslae".**

**• Volgens mnr. Hans van Zyl, direkteur van die Studentesentrum betaal die Muurbalklub nie vir die bane nie en geen instandhoudingskoste nie, maar SLEGS opsetlike breekskade. (Geen deure is nog stukkend geskop by die bane in die Studentesentrum nie).**

**• Die vergelyking met klasdraf is absurd. Daar word vir akademiese onderrig betaal, nie vir klasse nie.**

**• In verband met die ledegeld wat "Muurbalklub geprys" uiteengesit word, kan die volgende gevra word:**

**Waarom moet 'n speler wat vir ontspanningsdoeleindes af en toe speel by die Wes-Transvaalde Muurbalunie affilieer (R3,50)?**

**Waarom moet dieselfde persoon die muurbaldinee bywoon (R4,00)?**

**Die Administrasie en opsetlike breekskade kan verhaal word van die 5 sent speelgeld en die skuldige persone.**

**Die muurbalklub het nie amptelik enige van die bewerings wat gemaak is ontken, weerlê of beantwoord nie.**

**I.M. (Asst. red.)**

## Muurbalklub geprys

Die Redakteur

Na aanleiding van die brief van "Ontevrede", wil ek net sê dat jy vir alles moet betaal, want alles kos geld. Niks in hierdie wêreld is meer verniet nie.

Die ou bane is gesluit omdat daar geen toesig is nie. Dit is jammer dat dit so is, maar as daar nie toesig is nie, word die bane vreeslik verniel. Jy hoef my nie te glo nie, maar die ou baan se deur moes binne twee weke twee maal vervang word omdat dit stukkend gekap was.

As jy nie 'n lid van die muurbalklub is nie, staan dit jou heeltemal vry om die bane te gebruik. Jy moet net bereid wees om jou 80c te betaal.

En dan die geld: Vir elke speler wat by die PU-Muurbalklub aansluit, gaan R3,50 na die Wes-Transvaalse Muurbal Unie vir affiliasiefooie. Verder het elke lid 'n uitnodiging ontvang na die Muurbaldinee. Sê byvoorbeeld dit kos R2 per persoon, dan is dit R4 per lid. Nou is ons al by R7,50 per persoon. En dan is die stukkende deure nog nie betaal of die plakkate nog nie opgeplak nie.

Dan is daar nog ander onkoste ook, soos die besprekingsvorms ens. Soos almal, het die Muurbalklub ook al die finansiële gate om toe te stop.

Die groot probleem is dit: Toe ons net 2 bane gehad het, was niemand bereid om te sukkel en ure te wag vir 'n baan nie. En noudat die nuwe bane klaar is, het al die "Johnny come lately's" 'n eiertjie te lê omdat hulle te vrekkig is om R10 ledegeld te betaal. Ek, wat van die begin af lid is, het baie goeie waarde vir my geld gekry en is dood tevrede.

Baie dankie vir die Muurbalklub se bestuur. Gaan voort met die goeie werk. Ons ou horde is rotsvas agter julle.

Dankie,
J.H. du Toit.

## Karate-berig skep verkeerde indruk

**Ek skryf** na aanleiding van die berig "Japanese Karate Assosiasie" in Die Wapad van 21 September 1979. In die berig word geskryf dat die JKA-styl wat nou aangebied word "'n nuwe sportspoort vir die PU is." Hierdie stelling is heeltemal verkeerd, aangesien daar reeds van die vroeë sestigerjare karate op die PU beoefen word. Vir die afgelope vier jaar word die styl Goju-Ruy hier aangebied. Die afrigters het dan ook 'n 3de en 4de dan by name sensei Harold Wagner en Braam Peens.

Verder word beweer dat "al die ander universiteite in ons land afrigting het in die styl". Ek was reeds op 3 SAU Karatetoernooie en slegs twee ander universiteite naamlik UOVS en RAU beoefen hierdie styl.

Wat my betref skep die berig 'n verkeerde indruk in soverre dit karate betref op die PU. Die persoon wat die berig vir u geskryf het verkeer beslis onder 'n wanindruk. Bowenal is dit 'n vergunning van die Sportraad dat hierdie persone wel hierdie styl hier mag beoefen.

Pieter Groenewald.

**Dié berig is met al sy inligting as korrek en juis aan die Sportredaktrise oorhandig deur mnr. Smook. Die Wapad kan dus geen skuld dra vir 'n "verkeerde indruk" deur die inligting gewek nie.**

**Sportred.**

## Voorstel vir sportfooi

**Na aanleiding van die berig wat in Die Wapad van 28 September verskyn het van sportsoorte in die Studentesentrum wat se gelde so hoog is, wil ek net die volgende voorstel maak.**

Waarom word elke student aan die PU nie verplig om R10 Sportgeld te betaal nie? Dan kan hierdie geld verdeel word onder die verskillende klubs op 'n sekere basis. Dan sal dit nie gebeur dat, indien 'n persoon aan meer as een sportsoort deelneem, hy by elke sportsoort ledegeld moet betaal nie. Op dié manier kan persone ook vir ontspanning aan sport deelneem en nie net op kompetisievlak nie.

Marlene Woest.

## DIE POLITIEK SE ROL BY DIE AFRIKAANSE STUDENT

**Vir die doel van hierdie kort artikel beperk ek my tot die Afrikaanse Studentebond en tot studentepolitiek. By studentepolitiek bedoel ek die akademiese omgang met landsake en nie alledaagse kampussake en -probleme nie.**

Die doel van die ASB bepaal hom onmiddellik by die kultuur van die Afrikaanse student. Die werksterrein van die ASB is dus die Afrikaanse student en wel op kulturele gebied. Die kultuur van die Afrikaner is myns insiens niks heiligs of geslote nie maar in die geval die Afrikaner uitgeken kan word. Uit die aard van die verskeidenheid van ons samelewing behoort die ASB ook sy prioriteite te stel sodat hy op die mees effektiewe wyse aan die regte sake aandag gee.

Enige realistiese opname van die omstandighede in SA laat 'n mens besef dat 'n gebrek aan belangstelling in die politiek of selfs 'n weersin daarin op die minste katastrofiese gevolge kan hê. Die politieke toestand van ons geliefde land sal ook vir die afsienbare toekoms die intense aandag van al sy inwoners vra — en daarom ook van die Afrikaanse student.

Buiten die feit dat die praktiese omstandighede van volkereverhoudinge in SA die aandag van ook die Afrikaanse student eis noop die grondslag en doel van die ASB die Afrikaanse student om hom met die landsake van die dag besig te hou — en hier is die rigting van sy denke, nl links of regs van minder belang.

Om net twee punte uit die geformuleerde doel van die ASB aan te haal:

1. Die handhawing en uitbouing van die Christelik-nasionale lewens- en werklikheidsbeskouing.
2. Die bestudering van lands- en lewensvraagstukke op akademiese wyse.

Is 'n bewys van bg. standpunt.

En die wyse van beoefening dan?

Gebalanseerd, ja ook akademies intensief, en met toewyding.

Gelukkig bestaan die mooi kultuur van die Afrikaner nie net uit politiek nie, maar ook uit ander fasette — waaraan ook ek baie geheg is.

Mag dit nooit gebeur dat die rigting van denkwyses ten opsigte van studentepolitiek die Afrikaanse student van die beoefening daarvan weerhou nie!

# INTER-UNIVERSITÊR

## CHO-Konferensie vind gasheer

**Die Derde Konferensie vir Christelike Hoër Onderwys sal in 1981 by Dordt College, Sioux Centre in Iowa in die V.S.A. gehou word.**

Hierdie besluit is geneem op 'n vergadering wat te Calvin College by Grand Rapids gehou moes word vanweë die weiering van die Vrije Universiteit van Amsterdam, wat oorspronklik as gasheer sou optree.

Die VU het onttrek omdat die PU vir CHO ook die konferensie sal bywoon en dit nie met voorwaardes deur hulle gestel, ooreenstem nie.

Prof. Elaine Botha sal Suid-Afrika verteenwoordig, en dr. Bennie van der Walt die Internasionale Klaringshuis vir Christelike Hoër Onderwys aan die IBC.

Die tema vir die vyfdaagse akademiese gesprek is die (neo-) Marxisme vir die Christen Wetenskap vandag.

## ASB en Maties sit vas

**Mnr. Chris Fismer, President van die ASB, het 'n skerp aanval op die Maties geloods as gevolg van beweerde uitlatings wat deur hulle studenteraadsvoorsitter, mnr. Hilgard Bell in die Pers gemaak is.**

Mnr. Bell het gesê die ASB volg 'n beleid van Blanke-oorheersing. Mnr. Bell het sy stelling gestaaf op grond daarvan dat ASB die Afrikaner en blanke as prioriteit in hulle politiek stel. Hierteenoor stel die Maties geen bepaalde groep eerste nie en wil hulle politiek op 'n akademies gefundeerde grondslag bedryf.

Mnr. Fismer het mnr. Bell se verklaring as ongegrond, naïef, opsetlik en oningelig bestempel en hy beskou dit as verkleinerend en ingestel op publisiteit.

In sy reaksie hierop het mnr. Bell gesê dat sy uitlating gemik is op prominente ideologieë in die ASB-beleid. Mnr. Bell sê hy betreur die feit dat die ASB-President nou 'n ophef maak van verskilpunte. Die Maties wil graag kontak met die ASB behou ten spyte van hulle verskille.

(Uit: Hoofstad 20 September 1979)

## Universiteite oral duurder

**Daar is tekens dat klas- en koshuisgelde vir 1980 by die meeste universiteite verhoog sal word.**

Die rektor van die Universiteit van Pretoria, prof. Hamman, het onlangs aangekondig dat klasgelde met ingang van 1980 met 15% gaan toeneem. Koshuisgelde sal met R70 per jaar verhoog word. Mans sal voortaan R750 en dames R740 per jaar betaal.

Die RAU se huidige koshuisgelde van R770 per jaar sal waarskynlik met R30 verhoog word alhoewel dit nog nie amptelik aangekondig is nie.

Die Universiteite van Stellenbosch, Kaapstad en die OVS voorspel ook toenames in gelde van ten minste 10%.

Die Raad van die PU vir CHO het egter aangekondig dat die koshuisgelde van R750 per jaar basies onveranderd sal bly terwyl 'n ondersoek na moontlike differensiasie van klasgelde geloods sal word.

UNISA het ook bekend gemaak dat klasgelde vir 1980 onveranderd sal bly.

## Engelse Maties verafrikaans

**Mnr. Hilgard Bell, studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Stellenbosch, beweer dat Engelssprekende studente wat aan die universiteit studeer, verafrikaans en dat daar nie sprake is van 'n basterkultuur wat ontstaan nie.**

Hy skryf dit toe aan die feit dat slegs 12% van die studente Engelssprekend is. Hulle moet inskakel by die feit dat Afrikaans die voertaal is. Volgens hom is die Engelse studente polities meestal liberaal en ontwikkel hulle vinnig 'n begrip vir die Afrikaner, sy kultuur en waardes.

Mnr. Bell sê verder dat daar geen vyandigheid tussen die taalgroepe is nie. Daar is wel verenigings wat uitsluitlik vir die anderstalige studente voorsiening tref, maar hulle dring nie aan op aksiegroepe wat hulle belange vooropstel nie. Die algemene gevoel by die studente is dat kontak oor die taalgrens hulle lewensuitkyk verbreed.

Verteenwoordigers van die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Pretoria beweer egter dat, hoewel die persentasie Engelssprekende studente aan die betrokke universiteite kleiner is, hulle beslis hulle identiteit behou en nie verafrikaans nie.

(Die Vaderland 27 Sept. 1979)

## Akademiese Raad ondersoek probleme

**Die aanpassings- en studieprobleme van dienspligtiges sal binnekort deur 'n kommissie van die Akademiese Raad ondersoek word.**

Dit vloei voort uit 'n soortgelyke ondersoek wat verlede jaar in die Fakulteit Natuurwetenskappe geloods is. Probleme het veral in die Departemente Wiskunde en Fisika voorgekom. Die twee vakke is tot 'n hoë mate op Matriekwerk gebaseer.

Die destydse kommissie het aanbeveel dat dienspligtiges in die oriënteringsweek 'n blitskursus in die betrokke vak loop om hulle agtergrondskennis op te knap. Die voorstel het verlede jaar egter te laat gekom om praktiese uitvoerbaar te wees.

Die nuwe Akademiese Raadskommissie sal die aanbeveling moet ondersoek. Volgens die voorsitter, mnr Ankiewicz, sal hulle egter eers 'n meningspeiling in al die fakulteite maak om die omvang van die probleem te bepaal. Dit is nie in alle vakke 'n probleem nie, maar wel in sekere B.A.-vakke soos tale.

Volgens mnr. Jan Botha, vise-voorsitter van die SSR wat verantwoordelik is vir oriëntering, het die voorstel wel meriete. Hy voel egter dat daar versigtig te werk gegaan moet word. Differensiasie binne die eerstejaarsgroep sal die groepsgees benadeel. Geen onderskeid moet gemaak word tussen eerstejaars wat uit die skool universiteit toe is en dié wat reeds militêre opleiding ondergaan het nie. Vir hom is die doel van oriëntering om die studente in te skakel by die PU, op akademiese en ander terreine. Om dit te bereik moet 'n eerstejaar die volle program deurgaan.




# Afskaffing van Intervarsity in die toekoms

**Die moontlike afskaffing van een Intervarsity of die inkorting van sekere aktiwiteite ter besparing van brandstof, is wat gevra word in 'n skrywe van die Senaat aan die Sportburo.**

**Die Sportburo is in hierdie verband gevra om met die studente skakel en het derhalwe met die Sportraad geskakel.**

Die Sportraad het gereageer en 'n skrywe gerig aan die Sportburo wat aan die Senaat voorgelê sal word. In die skrywe word die afskaffing van 'n Intervarsity betreur en wel om die volgende redes:

Uit die rede vir die moontlike afskaffing is dit logies dat die Intervarsity met Kovsies in gedrang is. Hierdie Intervarsity is egter so deel van die twee universiteite en so tradisieryk dat die afskaffing daarvan nouliks denkbaar is. Die afskaffing daarvan sal die Pukke se gees 'n ernstige knou gee, want waar openbaar die Pukke hulle gees anders as juis by hierdie Intervarsity? Die PU kry juis positiewe beriggewing as gevolg van hul gees wat hulle gewoonlik tydens dié intervarsity openbaar. Verder is dit die enigste volwaardige intervarsity in die land. Die meeste sportmanne sien uit na hierdie kragmeting en oefen ekstra hard vir die Kovsie-intervarsity. Die PU se rugbyspanne lewer jaarliks hiervan bewys.

Hierdie Intervarsity was juis vanjaar die keerpunt in PU-sport. Die afskaffing daarvan sal ons sportmanne en -vroue negatief stem en ons sport sal ook 'n knou daardeur kry, iets wat ons nie kan bekostig nie.

Die inkorting van sekere aktiwiteite is ook nie aanvaarbaar nie. Dit gaan al die kleiner sportsoorte benadeel. Dit sal dan veral koshuisrugby laat doodloop, want as daar aktiwiteite ingekort moet word, sal die PU-sport voorkeur geniet. Nie net die rugby nie maar ook die koshuisnetbal en die hokkie sal doodloop. Hierdie koshuissportsoorte en andere is dan juis die inspuiting vir die PU-sport. Daarom kan ons nie toelaat dat hierdie aktiwiteite doodloop nie.

Die besparing wat bereik sou word indien 'n intervarsity afgeskaf sou word is slegs 'n druppel in die emmer. Daar is baie ander metodes van brandstofbesparing. Indien meer ontspanningsgeriewe beskikbaar gestel word vir studente, en hulle sodoende minder naweke huis toe kan ry, sal daar baie meer brandstof gespaar word.

Die Sportraad hoop en vertrou dat die Senaat weer ernstig hieroor sal besin.

**Pieter Groenewald**
**Voorsitter: Sportraad**

## PU-muurbal

'N AANTAL mans- en damesspanne uit Wes-Transvaal, het op Saterdag 29 September aan 'n kampioenskap deelgeneem. Die PU-Muurbalklub het die spanne uitgenooi in samewerking met die Royal-hotel Buiteverkope as borg.

Die PU I-mansspan het die mansafdeling gewen en Oude Molen, die personeelklub, het tweede geëindig.

## PU AIKIDO

**Die** PU-Aikidoklub het volkome geslaag in sy eerste groot tree aan die PU. Hy het die onderskeiding behaal dat al vier die lede wat gegaan het om gegradeer te word, geslaag het met 'n persentasie bo 60%. Johnny Amendale het die beste vertoning van die vier gelewer en daarmee die trofeë vir die beste vegter van die jaar verower.



*Tevergeefs poog Trevor Strydom, Vyfkamp atleet van SA, om Hans Klein (Oostenryk) se hou af te weer.*

## INTERNASIONALE SKERMKOMPETISIE

Die uitslag van die Internasionale Skermkompetisie wat gehou is op Saterdag 29 September was as volg:

### MANS FOIL

1. Erwin Baumgartner (Oostenryk)
2. Ernst Malle (Oostenryk)
3. Albertyn Meyer (Tukkies)

### DAMES FOIL


1. Cathy Kay (Springbok)
2. Beate Urdl (Oostenryk)
3. Anna Goodchild (Springbok)

Alhoewel die Pukke nie die mas kon opkom nie, die ondervinding beslis die stramheid werd. Die geselligheid na die kompetisie was een groot fees en hier kon die Oostenrykers sien hoe daar op die Platteland iets gevier word.

## SPORTPERSOONLIKHEID

Mnr. Fielies Kotze het sy lewe lank rugby gespeel, maar nadat hy 'n besering opgedoen het, moes hy dit laat vaar. Fielies wat 'n sportliefhebber is, kon nie stilsit nie, en het besluit om sokker te probeer speel. Na 'n paar oefeninge het sy afrigter, mnr. Egon Schultze, sy potensiaal opgemerk. Hy het gesien dat Fielies se spel verbeter namate hy teen beter spelers geplaas word.

Aanvanklik het hy B-liga gespeel, maar sy gemotiveerdheid en gereelde oefening het hom ná drie maande in die A-liga laat beland. Hy word tans beskou as die atleet met die natuurlike balbeheeraanleg. Mnr. Schultze betreur die feit dat hy op so 'n laat ouderdom eers begin speel het, want dit belemmer Fielies se kanse om verder opgang te maak.



***Fielies Kotze, die sportpersoonlikheid.***

## KOSHUISATLETIEK LEWER GROOT PRESTASIES

**Die atletiekseisoen het hierdie jaar op 'n hoë noot begin. Daar is vier byeenkomste gehou en al vier het puik prestasies gelewer. Hierdie byeenkomste is nie gehou ter wille van massadeelname nie, maar vir die bereiking van 'n hoë standaard.**

Die volgende uitstaande prestasies is gelewer. Isabel Campher het die verspring gewen in 'n afstand van 5,69 meter. Sy het ook die 100 meter hekkies gewen met 'n tyd van 15,3 sek. Petro Fourie het die 100 meter in 12,3 sek, die 200 meter in 24,8 en die 400 meter in 59,6 sek gewen. Leonie Smith het die 400 meter hekkies in 'n tyd van 46,4 sek gewen.

Onder die mans het Piet Goossen die skyfwerp gewen met 'n afstand van 54,60 meter. Hy het ook die gewigstoot gewen met 'n afstand van 15,38 meter. Jurie van der Walt het die 110 meter hekkies in 14,6 en die 200 meter in 22,6 gewen. Nog 'n puik prestasie is deur Fanie Campher wat die driesprong in 'n afstand van 14,25 meter en die verspring in 6,83 gewen het.

'n Ander puik vertoning is dié van Estie van der Merwe wat die hoogspring met 'n hoogte van 1,60 gewen het en ook die spiesgooi in 'n afstand van 55,13 meter gewen het. Hierdie afstand is 'n SA-rekord maar weens die tekort aan bekwame beamptes is dit nie 'n erkende rekord nie. Thea Potgieter het die gewigstoot gewen in 'n afstand van 11,57 meter en het ook 'n derde plek verower in die skyfwerp.


Die opwindendste items was die twee aflosse wat gewen is deur Dinki en Hombré. Die volledige koshuis-uitslae is as volg:

**Dames**

| | |
|---|---|
| 1. Dinki en Kulu | 1395 |
| 2. Wanda | 1300 |
| 3. Oosterhof | 850 |
| 4. Karlien | 710 |

**Mans**

| | |
|---|---|
| 1. Hombré | 1770 |
| 2. Caput | 1475 |
| 3. Amajuba | 1220 |
| 4. Overs | 1160 |




*Piet Goossen wat die skyfwerp en gewigstoot gewen het.*



*Isabel Campher wat die verspring en 100 meter hekkies gewen het.*

WENMOTOR*




Nuwe Volkswagen Golf
Die grootste idee in die wêreld van klein motors.

Kom sien self waarom die Golf dié motor van die jaar genoem word.
Golf LS 2- en 4-deur, GLS 4-deur handrat en outomaties, GTS 4-deur, Diesel 4-deur.

**Met 'n volle 12-maande-waarborg, ongeag die afstand afgelê.**

# Harold's Volkswagen

**Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261**